Dienelkander

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

13 September 2020

09:30 OGGEND-INRYEREDIENS: Ds Piet

(skakel jou motorradio in op FM 107.9)

Ons is baie dankbaar om vanmôre die Doop aan 3 verbondskinders te bedien:

- Chimonique du Toit van Francois en Simoné du Toit
- Luandré Gerald Lake van Gerald en Moné Lake
- Milan Esterhuizen van Reitz en Muschka Esterhuizen.

Ons dank die Here saam met die ouers en grootouers dat Hy sy verbond met ons kinders sluit! Baie welkom aan familie en vriende wat vandag saam met ons aanbid.

Tema: Jy is nie 'n sondaar nie, maar 'n kind van God! Leef soos een!

Baie gelowiges dink nog aan hulleself as sondaars en leef daarom soos mense wat nog slawe van die sonde is! Die doop getuig egter vanmôre dat ons nie meer sondaars is nie - maar kinders van God! Ons is nuwe mense wat nou soos kinders van God kan lewe!

Wanneer ons aan onsself dink as "kinders van God" en onsself ook so noem, dan word dit moeilik om nog in sonde te leef, want die twee gedagtes "kind van God" en "sonde" is onversoenbaar!

Lofsang met die oog op die erediens
Lied 292: 1, 2

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Sb 11-2: 1, 2, 4; Votum; Seën; Loflied Sb 12-6: 1, 2, 3, 4, 5; Belydenis van geloof: HK Sondag 26; Sing Sb 12-5;

Sakramentbediening
Doopformulier; Bediening van die doop; Sing na die doop: Ps 105-1: 5; Gebed

Woorddiens
Skriflesing: Romeine 6: 1 - 14;
Teksvers: 3 - 5; Woordverkondiging;

Verootmoedigingsdiens
Die wet: Romeine 6: 15 - 23; Sing Ps 119-2: 9 en 19;

Antwoorddiens
Gebed; Liefdegawes; Sing Sb 2-4: 1, 3; Wegstuurseën; Amenlied: Sb 13-2.

GROEPBEDIENING

Kleingroepe moet asseblief weer van die geleentheid gebruik maak om op COVID-19-veilige-wyse bymekaar te kom.
Daar kom ook kleingroepe by die kerk bymekaar:

- 17:00 Groep 25 onder leiding van prof. Naas Ferreira.
- 18:00 Groep 35/ jong Volwassenes saam met Erasmus Venter.

MEELEWING

- Pieter Potgieter (Groep 32 - 082 451 0762) is tuis na sy nekoperasie maar sukkel met 'n borsaandoening wat hy in die hospitaal opgedoen het.

- Anchen Schutte (Groep 19 - 082 868 9739) het Woensdag ‘n blindedermoperasie ondergaan.
- Annatjie Duvenage (Groep 21 - 071 604 0456) is klaar met haar aanvanklike reeks kankerbehandelings. Daar sal later toetse gedoen word om die stand van sake te monitor. Ons is saam met haar dankbaar vir die pad tot hier.

Ons bid dat die Here beterskap, herstel, en bemoediging sal gee.

ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEWID

Bert Floor, Isak vd Walt, Magdaleen Venter, Lana Labuschagne, Annette Coetsee en Joe Coetzee.

ONDERSTEUNING VIR SIEKES

Vir ondersteuning of besoeke kontak u ouderling of Adele (018 290 7690 / 082 532 8658) om die nodige reëlings te tref.

KATKISASIE LESPROGRAM

Vir die volgende 3 Sondae is daar nie lesse op die kalender geskeduleer nie, omdat dit in die skoolvakansie sou val. Ouers kan asb saam met die kinders seker maak dat almal nou tot by **les 19** trek, sodat ons kinders nie agter raak nie.

PROGRAM VAN DIE WEEK

Vandag op Facebook en YouTube
09:30 Oggenddiens op die plaas van Thys en Karin Kruger
Groepbediening

Maandag
18:00 Kersmark vergadering

Dinsdag
06:00 Manne ondersteuningsgroep
18:00 Katkisasie graad 8
18:30 Kategete vergadering

Woensdag
17:15 Katkisasie graad 10
18:00 Katkisasie graad 11

REëLINGS VIR EREDIENSBYWONING DEUR LIDMATE:
BESPREEK ASB SELF JOU PLEK!

Ons is dankbaar dat ons weer eredienste kan hou. Ons gee lidmate **per blok geleentheid om ‘n erediens by te woon en lidmate moet self hulle plek bespreek** vir die volgende Sondag se erediens.

Vandag, het ons weer ‘n inrydiens en almal word uitgenooi om die inry-erediens by te woon. Daar is geen getallebeperking nie. Hier gaan dus nie ‘n erediens in die kerkgebou wees nie.

Bejaarde lidmate wat die inrydiens wil bywoon maar nie vervoer het of self daarheen wil ry nie, moet asseblief met die kerkkantoor kontak maak sodat die Diakonie vervoerreëlings kan tref.

Sondag, 20 September, kan lidmate in Groep 10 - 18 hulle plek by die kerkkantoor bespreek. **Hierdie bespreking moet voor Woensdagmiddag 13:00 gedoen word.** Indien daar ‘n oorloop is, sal daardie lidmate eerste geleentheid kry op die volgende Sondag.

Blok A - Groep 1 - 9
Blok B - Groep 10 - 18
Blok C - Groep 19 - 27
Blok D - Groep 28 - 35

Indien julle onseker is oor julle groepnommer, kontak die kerkkantoor.

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

Sondag, 13 September

Sr Annette Coetsee **(81)**	082 415 4961
Br Joe Coetzee **(78)**	083 647 5250
Sr Josephine de Lange **(73)**	082 786 4380
Sr Alta v Zyl	079 873 7922

Maandag, 14 September

Jbr Frans du Plessis	
Sr Christa van der Walt	073 424 3786

Dinsdag, 15 September

Br Tienie Bezuidenhout	
Br Simon du Plooy	082 453 8630

Woensdag, 16 September
Sr Adele du Plessis
Sr Ria Robberts 082 444 7544
Br Dries Schutte **(76)** 083 379 9288

Donderdag, 17 September
Sr Lorette Bester 084 601 0224
Br Koos de Klerk 082 966 7817
Sr Esmari Rood 071 683 0102
Jbr Henlu v As

Vrydag, 18 September
Br Martin Bester 082 569 0048
Sr Ena de Bruyn 084 444 5824
Sr Nelleke du Toit 083 946 8237

Saterdag, 19 September
Jsr Katrien Haasbroek

KERSMARK: 23 NOV – 5 DES

Mooirivier Kersmark

Die jaar het gevlieg en ons is volstoom besig met voorbereidings vir die Kersmark 2020.
Om hierdie projek 'n sukses te maak het ons, ons gemeente se hulp nodig:
Ons benodig:

- GEBEDE
- HANDE
- BYDRAES / BORGE

Vir borgskappe, hulp en bydraes kontak vir Adèle by 082 532 8658

Robin Hood-Projek

Indien lidmate die Robin Hood-projek wil ondersteun, vra die diakonie of hulle die volgende items by die kerkkantoor kan aflewer. Die diakonie sal u ondersteuning baie waardeer.

Kookolie - Rys - Tee - Sout - Koekmeelblom - Blikkies mielies - Blikkies ertjies - Blikkies boontjies - Blikkies "Baked Beans" - Blikkies "Pilchards" - Blikkies konfyt - Grondboontjiebotter - Pasta - Suiker – Mieliemeel – "2 Minute Noodles" - Kitssop - Sopmengsels - Suikerbone - Poeiermelk - Sanitêre produkte vir dames.

Die diakonie sal dan die produkte verpak in mates wat vir Leon, wat by die projek betrokke is, meer bruikbaar is. Vir enige verdere navrae kan die gemeente vir Adele skakel. Sy sal dan die boodskap aan die diakonie en Leon, gee.

BAIE DANKIE

- Ek het gister my kankerbehandeling voltooi. Graag wil ek almal bedank vir die belangstelling, kaartjies, eetgoed, oproepe en gebede. Bo alles dank ek ons Hemelse Vader wat my geseën het. Dit is 'n groot voorreg om 'n Oosdopper te wees!
  Liefde, Annatjie Duvenage

- Liewe Oosdoppers! Baie dankie vir al die oproepe, gebede en ondersteuning tydens my operasie. Dit het vir my baie beteken in 'n moeilike tyd - ek waardeer dit opreg!
  Ria Robberts

DIAKONIE: OPSOEK NA WERK

Een van ons lidmate is dringend opsoek na werk. Sy is baie sterk in enige administratiewe werk. Kontak haar gerus vir 'n CV: Yorinda vd Berg - 062 062 8755.

ALGEMENE INLIGTING:

WOW-HERWINNINGSPROJEK (WEN ONS WêRELD)

WOW-HERWINNINGSPROJEK (WEN ONS WêRELD)

Papier, plastiek, karton, glas, blikkies en polistireen - *hoef nie gesorteer te wees nie, herwinningsitems moet wel in plastieksakke toegebind wees EN PLASTIEKBOTTELS MOET ASB PLAT GETRAP WORD*. **ASB GEEN huisafval nie!** Die glas/blikkies/plastiek moet asb **uitgespoel** wees.

LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

ZAPPER (Selfoon toepassing)
Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

KOLLEKTES VIR KERKVERBAND

Al die gemeentes in die kerkverband dra ook kollektes af vir besondere behoeftes in die kerke. Vandag se kollektes is vir ons eie **Diakonie.**

SOSIALE MEDIA VIR ONS GEMEENTE

WhatsApp: GK Potch-Oos nommer:
067 713 2332
Webblad: www.oosdoppers.co.za
Facebook: www.facebook.com/oosdoppers

Videos van elke erediens kan hier gesien word: Facebookblad: Geref Kerk Potch-Oos Videos van preke by: http://ow.ly/ivfZ309vsdc

Ds. Piet stuur weekliks sy preke per e-pos uit. Laat weet hom indien jy dit wil ontvang.

KONTAKBESONDERHEDE: PREDIKANT, HULPDIENS, KANTOOR EN KOSTER

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt - 082 851 3637
Erasmus Venter - 072 154 9410
Kerkkantoor: Adele - 018 290 7690 /
082 532 8658
kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl - 082 774 7936

BANKBESONDERHEDE

Geref. Kerk Potchefstroom-Oos
ABSA Bank
Tjekrek: 670 340 066
Takkode: 632-005

Diakonie
ABSA Bank
Tjekrek: 670 280 160
Takkode: 632-005

Susters
Capitec Bank
Spaarrek: 145 652 5695
Takkode: 470-010

SUSTERS IN DIE GELOOF

Intimiteit met God

Laat my gebed soos reukwerk voor U aangesig staan, die opheffing van my hande soos die aandoffer.
Psalm 141:2

Sustersbydrae

Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry asook die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.

Blikkies-warmharte

Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan. ***Baie dankie vir julle getroue bydraes!***

Maak gerus steeds vir ons kleingeld bymekaar in enige blikkie / sakkie tot jou beskikking.

Kansa-projek

CANSA
Cancer Association of South Africa
Research • Educate • Support

Liewe suster, soos jy reeds weet ondersteun ons gemeente jaarliks vir KANSA. Ons wil steeds hierdie jaar probeer om hulle te ondersteun. Indien jy, familie of vriende tot hierdie projek wil bydra kan jy gerus jou donasie aan die kerk oorbetaal met verwysing "KANSA" sodat ons weet om die geld aan hulle oor te betaal.

Oosdoppertjies

Sagaria 2:8 B " Wie aan julle vat, vat aan my oogappel."

NUUS UIT DIE BYBELKOERANT

DIE HELD VAN KARMEL KIES HASEPAD

SAMARIA. - Elia, die Tisbiet, die profeet van die Here wat verlede week met leeuemoed vier honderd en vyftig profete van Baäl die stryd op Karmelberg aangesê en hulle uiteindelik almal met die hulp van die volk gedood het, het die land uit gevlug.

Sy verdwyning kon nie op 'n meer ongeleë tyd vir die aanbidders van God gekom het nie, aangesien hulle sy leiding nou baie nodig het. Na die gebeure by Karmelberg het die hoop opgevlam dat Elia hulle sal kan lei in hulle verset teen die pogings van koningin Isebel, om die land heeltemal onder die Baäldiens te bring. Klaarblyklik was dit 'n ydele hoop. Dit was juis 'n boodskap van Isebel wat Elia daartoe beweeg het om die land te verlaat.

Die Bybelkoerant kon nie daarin slaag om 'n onderhoud met Elia te voer nie, aangesien hy iewers in die woestyn gaan skuil het. Sy slaaf, wat hy in Berseba agtergelaat het, het egter aan ons gesê dat koningin Isebel met 'n boodskapper vir Elia laat weet het, en ons haal aan: "Mag die gode my om die lewe bring as ek nie môre teen hierdie tyd met jou gemaak het soos jy met die profete nie." Volgens die slaaf het Elia bang geword en vir sy lewe gevlug. Hy was glo baie depressief en het gesê dit lyk vir hom hy stry 'n verlore stryd om die ware geloof weer terug te bring na sy mense toe. Die slaaf het ons meegedeel dat hy baie bekommerd oor sy meester is en wonder of hy hom weer lewend sal sien, aangesien Elia gesê het hy sien nie meer kans om voort te gaan nie. Hy het glo ook gesê die Israeliete het die verbond met God verbreek en nou staan hy vingeralleen.

In 'n verdere verwikkeling het koningin Isebel vanoggend in 'n persverklaring die Israeliete gevra om kalm te bly en hulle nie te laat intimideer deur die lot van die Baälprofete op Karmelberg nie. Sy het hulle die versekering gegee dat sy geen moeite sal ontsien om die vyande van Baäl uit te roei nie. Sy het ook bekend gemaak dat sy haar vader, koning Etbaäl van Sidon, versoek het om nuwe Baälprofete na Israel te stuur om die leemte te vul wat die dood van die profete gelaat het.

Ondertussen val die reën nog onafgebroke oor die hele land, soos Elia op Karmelberg beloof het. Die boere juig, want die droogte is gebreek en hulle sal nou vir die eerste keer in drie jaar weer kan saai.

Lees 1 Kon. 18:41 - 19:18

HET JY GEWEET? PRETFEITE OOR TROETELDIERE:

HASE



- Raak vinnig verveeld as hulle alleen in 'n hok is sonder voorwerpe om mee te speel.
- Hase het amper 'n 360° uitkyk op alles, maar het'n blinde kol voor hulle gesig.
- Hase is bang vir water, so hulle maak hulself skoon sonder 'n bad.